# 1 Julie 2023 - Lesing 63 - Lesing 51 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die aankondiging van die Voorloper van JaHshua Messias – 10/3/58

**NO: 7062** Geeneen van julle mense sou nog in die waarheid gewees het, as dit nie steeds weer aan julle verkondig sou word deur My Gees nie. Wat ten tye van My aardse lewe aan die mense as suiwer waarheid gepredik was, **het nie lank suiwer gebly nie**. Want sodra die menslike denke daarmee begin om My leer vir die doeleindes van hele volke tot nut te maak, word alles ook met menslike byvoegings vermeng. My leer **kom te min ooreen met die eiebelang van die mense**, daarom wil die afsonderlike gemeentes hierdie leer in 'n meerdere of mindere mate gebruik om hulle belange te dien of te omvorm.

Daardeur word die kerk (innerlike gemeente) wat eens deur Myself gestig is, die sogenaamde oerkerk, baie spoedig maar net nog 'n vergete beeld van dit wat sy in die begin was. My suiwer leer het tallose veranderinge ondergaan en dit wat nou nog bestaan, **kan geen aanspraak meer daarop maak dat dit die suiwer waarheid is nie**.

Om die waarheid suiwer te bewaar, behoort daar **geskikte houers** te wees waarin My Gees voortdurend kan instroom. Die goddelike Gees moet homself onafgebroke kan uitgiet en wat deur My aan die mense geleer moet word, moet ook deur mense verkondig word wat vol van die Gees is. Want anders kan die woorde al in die mond van die verkondiger verander word en dan al 'n ander betekenis oplewer.

Daar moet dus altyd rekening mee gehou word dat iets suiwer Goddelik in 'n nie-goddelike omgewing iets van sy reinheid sal verloor, **omdat Ek geen dwang op die wil van die mens uitoefen nie**. Die gevolgtrekking wat elke afsonderlike mens maak met dit wat aan hom as waarheid gegee word, staan hom vry, want reeds gedurende My verblyf op aarde was My heilige Woord verdraai wanneer dit vir die mense nuttig was.

Ek kan nou wel telkens weer die suiwer waarheid na die aarde stuur deur My Gees, maar Ek sal nou ook nie die mense onvry maak deurdat Ek die waarheid aan hulle wil opdring nie. Maar solank mense hulself vrywillig aan My tot beskikking stel en hulself as opnamehouer van My Gees omvorm, solank is dit ook steeds weer moontlik om elke bestaande dwaling te korrigeer en elke onopgehelderde vraag op te helder en die mense 'n suiwer "lig" te gee wat van My af uitgaan, - die Oerlig van ewigheid.

**Maar die mense klou wederom aan die misvormde leer vas met 'n taaiheid** waaragter My teenstander staan, wie altyd teen die lig van die waarheid sal stry.

En so het daar 'n byna ondeurdringbare nag oor die mense uitgesprei, **omdat leuen en dwaling gelyk staan met duisternis**. Maar vir My ligdraers word dit buitengewoon moeilik gemaak om hierdie geestelike duisternis te deurbreek, omdat die mense al so verblind is dat hulle die ware lig nie meer kan herken nie.

**Daarom sal 'n magtige "Lig" verskyn wat van My en My wederkoms in die wolke sal getuig**. Hy sal getuig van die oordeel en die wegneming van myne op die dag van die oordeel. 'n Stralende helder Lig sal verskyn en opnuut My suiwer woord verkondig. Een Roepende in die wêreldwoestyn sal te voorskyn kom en die mense uit hulle doodslaap probeer wakker skud.

***Maleagi 4:5*** *Kyk, Ek stuur julle* ***die profeet EliJaH****[ûW] voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.*

Hy sal diegene **te hulp kom** wat van My en My werke aan hulle getuig. **Hy sal die waarheid van dit bevestig wat deur die werke van My Gees aan die mensdom oorgebring was.** Hy sal 'n geweldige taal spreek en niemand regverdig wat die duister pad bewandel nie. En hy sal die magtiges ook nie vrees nie, **maar hulle maskers van hulle gesigte aftrek,** hy sal hulle voor skoot stel en hulle ware gesindheid openbaar.

Hy sal stry met die "**swaard van die mond**", want hy sal aangeval word deur hoog en laag, omdat niemand die suiwer waarheid wil hoor wat in ooreenstemming met die leer is wat Ek eens op aarde gepredik het nie.

Hy sal dus My afgesant wees deur wie se mond Ek Self spreek - wie slegs sy laaste missie op hierdie aarde sal vervul, naamlik om My en My koms nog eenmaal aan te kondig soos wat dit geskrywe staan.

Wanneer die "Lig" gaan straal, sal julle weet dat My koms op hande is, asook die oordeel. Dan sal ongewone dinge ook deur hom plaasvind, maar dit sal dan die mense vanweë hul wilsvryheid nie meer skade berokken nie.

Hy sal maar weinig geloof vind en slegs ontwaaktes sal hom en sy missie herken. Vir die geestelike swakkes sal hy egter 'n buitengewone sterkte en hulp wees, want sy woord sal vol krag wees.

**Dan het die laaste fase van die aarde ook aangebreek** en hierdie Roepende sal die heftigste teenstander wees van hom wat die mense tot heerser sal uitroep, **waarin My teenstander homself sal beliggaam** om die laaste skandelike werk teen My te onderneem. Want nou sal die geloofstryd ontbrand en myne sal in die "Lig", wat Ekself na die aarde stuur, 'n groot steun hê.

Hulle sal baie krag ontvang om stand te hou in die tyd van die grootste nood wat My koms sal voorafgaan. Ek laat julle, My getroues, nie sonder hulp nie en sodat julle sterk kan bly kondig Ek vir julle hierdie "Lig", hierdie Roepende aan. Ek sal aan die aktiwiteite van My vyand 'n einde maak om die waarheid na die uiteindelike oorwinning te voer. Amein.